Dag 10: Eerbiedig (vrees) Christus as Here in julle harte



Ek het die waarskuwing van die Here vertolk:
Bly weg van die pad van hierdie volk.
Soos hierdie volk moet jy nie wees:
Hulle is vir verkeerde dinge bang en bevrees. (Jes 8:11-12)

Die Here, wat heers en alle magte wen,
Hom moet julle as heilig erken.
Hy moet die Een wees
vir wie julle moet vrees. (Jes 8:13)

Vir party word Hy ‘n heiligdom,
vir ander ‘n klip en hul val oor Hom.
Vir Israel sal Hy ‘n vangnet word,
verskrik en in gevangenis gestort. (Jes 8:14-15)

Die getuienis is toegebind,
onderrig verseël vir die kind!
Ek sal op die Here bly wag,
op Hom bly hoop vir krag. (Jes 8:16-17)

Hier is ek en saam daarmee,
die kinders deur U aan my gegee,
as tekens en simbole van Israel
wat van die Here wil vertel. (Jes 8:18)

Moet ‘n volk nie geeste raadpleeg,
die raad van waarseêrs oorweeg?
Antwoord dan volgens die uitspraak:
Sien die getuienis in die Woord raak! (Jes 8:19-20)

Die volk sal vir kos in die land soek
en woedend die koning en God vervloek.
Uitgedryf in donker en duisternis
waar net angs en geen ligstraal is. (Jes 8:21-23)

En jy wat dan nou ook bewe
oor al jou bekommernisse in die lewe
Jy moet Christus as Here vrees,
op Hom alleen moet jou vertroue wees.